

## Die Jordaanfamilie: Waldensers of Franse Hugenote?

M Jordaan (Universiteit van die Vrystaat)

### 1.1 Die verspreiding van die eerste Jordaan familie.

Dit was ten tye van die eerste kruistog na die Heilige land wat die fase in Frankryk ingelei is as die era wat daar vir die eerste keer in mense hegenis die ontwikkeling van familienaam sou begin.<sup>1</sup> Dit is gedurende hierdie tydperk wat die familienaam die eerste keer gebruik is wat ons met vertroue kan sê die Jordaan- familie sy genealogiese bestel gevind het.

Die destydse nedersetting waar daar vir die eerste keer die familienaam Jordaan (Jourdan) aangeneem is was Thesan twaalf kilometers noord-wes van Bezières in die suid weste van Frankryk in die Languedoc streek. Bezières is op sy beurt byna halfpad tussen Toulouse in die weste en Cabrière in die ooste van Frankryk waar die Jordaanfamilie ter sprake eeue later sou vestig.

Op die vraag hoekom die streek en ligging van Thesan wel bespreek word volg hieronder 'n breedvoerige verduideliking! Naby Thesan word gevind 'n kasteelagtige gebou met die naam *la Jourdan*. Dit is hier gedurende 970NC waar daar die eerste keer melding gemaak word van die familie *Thesan*. Die patrieg van die Thesan familie Pons I het vier kinders gehad. Hul name was Pons II, Pierre Bertrand, Villeneuve en Pierre. Laasgenoemde het die familienaam Jordaan aangeneem. Pierre het later getrou met Marie de Ferrand en hul eersteling Jordan de Thesan genoem.<sup>2</sup>

Gedurende die tydperk 1207 – 1247 het drie geslagte insluitend Jordan de Thesan noodgedwonge begin rondtrek vir hul veiligheid onderwyl die kruistogte en gepaardgaande teenstand nog in volle swang was. Die oorspronklike vier broers en hul nageslagte het hulself mettertyd in drie verskillende geografiese gebiede bevind. Die een groep in die Waldensiese kanton in Switserland, die ander by Briançon in die Piedmont

---

<sup>1</sup> Jordanus Jordan *Petite Histoire de La Famille Jordan*, p.11;

<sup>2</sup> Ibid., pp.15-26.

vallei op die grens tussen Frankryk en Italië en die derde groep by die aangrensende gebied van Beziërs te wete Vias<sup>3</sup>

My navorsing konsentreer hoofsaaklik op die groep wat hulself gevestig het in die Piedmont vallei aangesien die groep die enigste is wat die van *Jourdan* aangeneem het .

## **1.2 Die Waldensiese beweging 1170 – 1655 in Italië en Suid – Frankryk.**

Om die gedeelte van die geskiedenis en die motivering ten opsigte van die Waldensiese beweging te begryp moet die volgende aanhaling gelees word as vertrekpunt wat uit die kerkargiewe van Carcassonne in Frankryk kom<sup>4</sup> ;

*“The Poor of Lyon arose around the year 1170, founded by a certain citizen of Lyon by the name of Valdesius, after whom his followers took their name. The person in question was a rich man who abandoned all his wealth, determining to observe a life` of poverty and evangelical perfection, like the apostles. He arranged for the gospels and some other books to be translated into the common tongue, as well as some texts of Saints Augustine, Jerome, Ambrose and Gregory, arranged under titles which he called “sentences,” and which he read with great zeal, without, however, understanding very much. Full of his own importance and with little education, he ended up by usurping the prerogatives of the apostles. He dared to preach the gospel in the streets, where he made many disciples, both men and woman, and compounded the arrogance by sending them out, in turn to preach.*

*These people, ignorant and illiterate, went about through the towns, entering houses and even churches, spreading many errors everywhere. They were summoned by the Archbishop of Lyon, who warned them against such defiance, but they refused to fall in line, cloaking their madness by saying that they must obey God rather than people, since God had commanded the apostles to preach the gospel to every living creature.*

*And thus, they ended up despising the clergy, accusing them of being rich and of living a life of ease – all the while boldly declaring themselves to be imitators and successors of the apostles! What false profession of poverty and pretended saintly living! Because of this disobedience and*

<sup>3</sup> *Ibid.*, pp.27-36; *Autoatlas, Zentraleuropa*, p.143; Pays dAigues. 1981. *Ministere de la Culture et de la Communion*, p.28`

<sup>4</sup> Tourn,G. *De Waldenzen*. Franeker, p.9

*of this arrogant appropriation of a task which did not belong to them all, they were excommunicated and expelled from their country”<sup>5</sup>*

In die gedeelte is die klem gelê op die kruistogte. Gereeld is daar verwys na die stryd tussen die pelgrims en die Moslems. Vir die eerste keer gedurende dieselfde tydperk wat die kruistogte plaasgevind het en wat Valdesius sy geloofsbesluit geneem het word daar pertinent na die Katolieke Kerk verwys.<sup>6</sup> Dit dui aan dat Valdesius ‘n katoliek was omdat hy ook om die volgende redes weggebreek het van die Katolieke Kerk.

- gedurende die elfde eeu was daar ‘n gevoel onder die Katolieke gemeenskap dat die kerk moet hervorm
- die dieper geestelike groei was gedurende die tyd in die kloosters gesetel. Hulle wou die armoede van die apostels uitbeeld soos in die stigtersjare van die kerk.
- Hierdie diepe gevoel om soos die Apostels te lewe het ‘n opinie tot stand gebring dat die kerk ‘n meer eenvoudige leefwyse en aanbidding moes openbaar.
- Hierdie standpunt is ten sterkste deur die afvalliges van die Katolieke Kerk ondersteun.
- Die soeke na ‘n hervorming in die kerk het meeste Katolieke ampsdraers gedurende die twaalfde eeu se gedagtes oorheers totdat teen die laaste dekades van die eeu die Waldensiese beweging hul eie vertolking van die vertaalde nuwe testament begin preek het.<sup>7</sup>

Lyon waar Valdesius gewoon het en al sy wêreldse skatte bymekaar gemaak het was ook die samekoms van verskillende pelgrims roetes oppad na die heilige land. Lyon was ook die kruising vir verskeie handelsroetes. Nêrens word dit genoem dat Valdesius betrokke was by enige kruistogte.<sup>8</sup> Dit is heeltemal verstaanbaar op grond van die feit dat laasgenoemde van die Katolieke Kerk se eertse afvalliges geword het. Die kruistogte en die gebeure rondom dit het sekerlik vir Waldo aan die dink gesit wat gelyk het tot sy verskille met die Katolieke kerk.

---

<sup>5</sup> Tourn, G. You are my Witnesses, pp. 11-12.; Freeman – Grenville, G. S. P. Chronology of World History, p.267; Tourn, G. pp.3-4 ; Tourn, G., p.11; Tourn, p.9; Stephens, P. The Waldensian Story, p.1; Steffe, A.M. De Hugenoten, p.58..

<sup>6</sup> Stephens, p.1.

<sup>7</sup> Ibid.,p.1

<sup>8</sup> Hierna ook genoem Valdo of Waldo!

.Die vraag kan heeltemal tereg gevra word wat is die Waldensiese beweging se verbintenis met die Jordaan familienaam? Tydens die bespreking van die Thesan Jordan familie is daar aangedui hoe die familie begin trek het na onder andere na die Piedmont Valleie. Dieper in die valleie in na die Angrognia valleie sou die bakermat van die Waldensiese beweging word wat ten nouste verbind is met die Jordaan familienaam.

Hier volg 'n beknopte lys van bekende Waldensiese vanne wat vandag nog in Suid-Afrika gevind word en daarna 'n lys van die verskillende spelvorme van die van Jordaan wat uit die Waldensiese tydperk dateer.

Cordier, Durand, Faure, Hugo, Lombard, Malan, Meyer, Olivier, Roux,  
Hierdie Studie:

Giordan, Giordano, Jourdan, Jordan, Jourdain, Reymondet-Jourdan

Die volgelinge van Waldo was nie impulsiewe en bloot ontevrede mense nie omdat daar spesifieke eienskappe te bespeur is by die Waldensers!

Van meet af was hulle verwerp deur die mede burgers veral vanuit 'n Katolieke oogpunt. Hulle het mettertyd oor die hele Europa versprei en met die innerlike stryd van anti-aggressie probeer 'n lewe ly volgens die skrif in die Nuwe Testament.<sup>9</sup> Die poging het hulle op twee wyses gehandhaaf. Eerstens het hulle deur middel van huis besoek en dikwels in die nag gebid en gevas. Hierdie dissipline het hoë agting uitgelok. Die tweede wyse was om 'n handgeskrewe sak grootte bybel of nuwe testament saam te bring en dan 'n afskrif by meeste huise agter te laat sodat die mense 'n bybel het om hul geloof te ondersteun.<sup>10</sup> Hul uitstaande kenmerk was hul uitlewing van hul geloof.<sup>11</sup> Valdesius self was nie 'n leier by uitstek nie, of 'n self aangestelde onderwyser en model nie maar het geglo mense moet hom uit eie oortuiging volg. Hy sou nietemin 'n verwysings bron en barometer word vir vele geslagte Christene. Daar was ook gesê van laasgenoemde dat

<sup>9</sup> Stephens, P. The Waldensian Story, p.xvii.

<sup>10</sup> Stephens, p.66

<sup>11</sup> Tourn, G. You are my Witnesses, p.5

hy 'n middeleeuse man was wat die Christus van die Apostels in sy eie dorp ontmoet het.<sup>12</sup>

Tussen 1480 en 1580 was die groep by uitstek klein boere, bywoners en mense van die platteland. Hulle het ook die werkloses en arbeiders verteenwoordig. Alle aanduidings is dat die Waldensers gedurende die tydperk goed gewapen was. Hulle het 'n hoë morele, sosiale en gedissiplineerde gedrag gehandhaaf. Die groep se beeld na buite was die van iemand wat hul eie heiligheid hoog geag het, en nie deur ander geïntimideer of afgeknou is nie.<sup>13</sup>

Die Waldensers was ook herkenbaar aan hul maniere en optrede. Hulle was nie aanstellerig, dra van konserwatiewe kleredrag, was persone wat hande arbeid verrig het, en het leuens en bedrog vermy. Daar was 'n klein groepie persone wat die Waldensers wou koppel met heksery, duiwel aanbiddery en seksuele promisku.<sup>14</sup> Hulle het ook nie aanvaar dat daar geen redding vir jou siel was buite die Katolieke Kerk.<sup>15</sup> Die puriste het selfs aanbeveel dat getroude Waldensers Vrydae hul weerhou van seksuele aktiwiteite met hul lewensmaat. Hulle het hul ook sterk uitgespreek vir die onthouding van seks gedurende hul vrou se maandstonde en wanneer sy verwag.<sup>16</sup>

Na vyftig jaar se bestaan het die Waldensiese beweging 'n meer geordende struktuur begin aanneem. Een van die eerste skeidslyne wat plaasgevind het was diegene wat totaal betrokke was by die beweging en die ander wat die idees van die beweging ondersteun het. Eersgenoemdes was na verwys as broers en susters en laasgenoemdes bloot as vriende.<sup>17</sup>

Die kruistogte waarna verwys word in die Waldensiese gedeelte is kruistogte wat deur die Franse Koning en die Rooms Katolieke Kerk geloods was om die Waldensiese beweging te stuit deur middel van massa moorde, 'n bloedbad en slagtings.

---

<sup>12</sup> *Ibid.*, pp.12-13; Tourn, pp.23-24. Waldo sterf ongeveer 1210.

<sup>13</sup> Cameron, E. The Reformation of the Heretics. The Waldenses of the Alps, 1480-1580, pp.4,17,23,70 & 261.

<sup>14</sup> Stephens, . pp.73.-75`

<sup>15</sup> *Ibid.*, p.89

<sup>16</sup> Cameron, p.107.

<sup>17</sup> *Ibid.*,p.34

Die eeste kruistog na die dood van Waldo was bekend as die “Albigensian” kruistog wat in die suid weste van Frankryk plaasgevind het. Teen die tyd was die Waldensiese beweging bykans in die hele suide van Frankryk aktief. Hul aktiwiteite het gestrek van die oostelike dele van Spanje tot in die noordelike dele van Italië.<sup>18</sup>

Gedurende 1215 het die Rooms Katolieke kerk die volgende as amptelike beleid aangeneem; dat die Waldensers se inisiatief totaal verwerp word en dat hulle en soortgelyke groepe wat hulle met die Waldensers vereenselwig vernietig moet word. Kruistogte teen bogenoemde was aanvaar as ‘n metode van die Katolieke om die Waldensers te verslaan<sup>19</sup>.

Die Katolieke Kerk se groot probleem teenoor Waldo was nie omdat hy baie aandag aan die armes verleen het nie maar wel omdat hy sonder die kerk se toestemming die Bybel vertolk het in openbare plekke.<sup>20</sup> In ‘n feudale stelsel waarin die Waldensers hulself bevind het hulle ook baie kritiek gekry vir hul besliste houding om nie die eed af te lê. Hulle was van mening dat sou hulle wanneer van hulle verwag word om die eed af te lê dit impliseer dat hul ander tye leuns vertel.<sup>21</sup>

‘n Aspek wat Waldo uitsonderlik gemaak het was dat hy die konsep van Christen armoede buite klooster verband uitgeleef het. Alhoewel die Waldensers krities was teenoor die priesters het hulle hul nie uitgespreek teenoor die Katolieke dogma nie. Intendeel hulle het baie respek afgedwing met hul edel motief om die oorspronklike skrif te gebruik. Waldo wou graag binne kerkverband bly en die sakramente gebruik totdat die Katolieke Kerk hulle verwerp het. Buiten laasgenoemde was die kerk ook ongemaklik dat onopgeleide burgers die voorregte van ‘n priester gebruik asook preek.<sup>22</sup>

Die drie aspekte waaroor die Waldensers en die Katolieke mekaar nie kon vind was, oor die hiernamaals, aanbidding en die offerhande aan die dooies. Die groep was van mening dat die Bybel die enigste gesag oor geestelike sake was.<sup>23</sup>

---

<sup>18</sup> Ibid., pp. 40&51.

<sup>19</sup> Tourn, p.26

<sup>20</sup> Ibid., p.5

<sup>21</sup> Stephens, p.76.

<sup>22</sup> Ibid., p.9,13

<sup>23</sup> Ibid., p.83

Die eerste aantekening van 'n massamoord teen die Waldensers is in 1208 aangeteken toe 'n leër van die Franse koning en die Katolieke Kerk 'n gesamentlike slagting teen die Waldensers en die "Cathars" geloods het.<sup>24</sup> Dit is ook gedurende die eeu wat die owerhede van Milaan 'n reeks hofinterdikte teen die Waldensers uitgereik het. Die tydperk is gekenmerk deur vrees, ang en 'n sielkundige stryd. Die Waldensers was blootgestel aan buitengewone hoë belastings. Die eerste persoon wat bekend geword het wat op 'n brandstapel verbrand is oor haar Waldensiese oortuiging was 'n vrou in die Pinerolo gebied in 1312. Alle beskikbare tronke was tot oorloeps toe vol beset deur Waldensers.<sup>25</sup>

Soos vroër gemeld het die Hussite by die Waldensers aangesluit. 'n Kenmerk wat die groep na die Waldensiese groep gebring het was dat vir die eerste keer het die Waldensers besluit hulle gaan terugveg teen die aanslae van die Katolieke.<sup>26</sup>

Hierdie besluit is opgevolg deur 'n aanslag van die soldate van Charles I van Savoy in 1483 teen die Waldensers in die Angrogna vallei. 'n Gemotiveerde groep Waldensers het 'n kerkgebou hoog op in die heuwelagtige vallei beskerm. Die soldate van Savoy is gestook onder rollende klippe en rotse soveel so dat hulle moes terugval. Baie van die soldate het tydens hul vlug verdrink in die rivier in die vallei. Charles I het hierna die regte en geloof van die Waldensers in die vallei erken en onderneem om nie weer 'n aanval te loods teen die Waldensers nie. Hierdie gebeurtenis was 'n geskiedkundige gebeurtenis in die Waldensiese geskiedenis en hulle die vertroue gegee dat weerstand tog die moeite werd was.<sup>27</sup>

Gedurende 1507 is ene Jordanon Cordi deur die Franse koning Lodewyk XI onder arrestasie geplaas toe daar bepaal is dat hy en van sy makkers die situasie teen die Waldensers uitgebuit tot sy eie voordeel. Jordanon Cordi was in diens van die Franse koning as senator in Milaan. Cordi was 'n aanhanger van 'n kruistog en daarna het hy van die Waldensers se plase gekonfiskeer vir homself. Selfs Katolieke van die omgewing was teen Cordi se optrede. In dieselfde jaar by Embrun in die Piedmont vallei is een honderd

---

<sup>24</sup> *Ibid.*, p.36.

<sup>25</sup> Tourn, pp.30, 46-48.

<sup>26</sup> *Ibid.*, p.57

<sup>27</sup> Stephens, pp.104-105.

en sestig Waldensers vermoor deur middel van om gehang te word, verbrand, geslag in hul eie huise of van die kranse af gegooi te word.<sup>28</sup>

‘n Ooggetuie in die dorpie Fressinieres in die Piedmont vallei Peyre Jordan vertel die volgende van ‘n leier van ‘n kruistog koning Varax saam met van sy vertrouelinge;

”Varax who persuaded the people of Fressinieres, who had fled from the army to the highest points in the valley, with ‘sweet and smiling words’ to come down from their refuges; the villagers were then taken, the women dragged by the hair, and all were shut up in a building to which burning faggots were laid, while Palu and the others shouted to those inside ‘You will all be burnt if you do not say that you are Waldenses’”<sup>29</sup>

Die veroordeling van die Waldensers wat nie hul geloof wou afsweer nie of wat uitgang is dat hulle as Katolieke voorgestel het aan die Waldense geloof is op verskeie tydsbestekke ter dood veroordeel. Indien ‘n aartsbiskop die skuldigbevinding gedoen het het hy seker gemaak dat daar kwansuis hofstukke gehou is sou daar ‘n navraag van die veroordeelde se vrou of familielid wees. Die hofstukke het gedien as bewys dat die veroordeelde bewus was van sy oortreding. Die veroordeelde se dood kon dan volg binne minute, een geval negentien dae of die uiterste wat aangeteken is sewe maande.<sup>30</sup>

Die straf het nie by die dood geëindig nie. Wat as ‘n verdere vergryping plaasgevind het is dat die vermoorde se kinders en dikwels ook sy of haar kleinkinders se bates gekonfiskeer om vir die medeaanhitsers uit te deel as vergoeding van die moord.<sup>31</sup>

Die kruistogte teen die Waldensers het gedurende 1487-1488 ongekende afmetings begin afneem. Dit was ‘n poging om die Waldensers finaal te laat ontbind. Kruisvaarders het nou van alle vlakke van die gemeenskap begin met hul onderskeie kruistogte teen die Waldensers. Die strawwe wat van die kruisvaarders aan die vermaarde Waldensers toegedien het was inkonsekwent. Dit het aangedui dat die kruisvaarders nie besorg was oor die Waldensers se ouderdomme en siele nie. Dit het duidelik geword dat die kruisvaarders geld gejag het en dat hulle dit in likiede vorm wou buit. In ander gevalle is die Waldensers se grond gekonfiskeer en verkoop. Informele en ongewone wyses van

---

<sup>28</sup> Cameron, p.41

<sup>29</sup> Ibid., p.41

<sup>30</sup> Ibid., pp.32-39

<sup>31</sup> Stephens, p.46



teregstelling is ook toegepas. Waldensers wat van hul plase af gevlug het se grond is deur die aartsbiskop se personeel beset en gestroop van alle bates wat kon verwyder word. Sommige Waldensers het hul plase en besittings teruggekoop by die kruisvaarders teen astronomiese pryse. Die kruisvaarders wat hul spoedig uit hul voete wou maak het later verkies om die Waldensers te hang. Ander metodes wat ook gebruik was om dood te maak was om die gelowiges te verdrink of van kranse af te gooi. In een geval is daar aan 'n man om geld gevra in ruil vir sy broer se vrylating. Tydens 1501 is van die Katolieke lede ondervra oor die motiewe van die kruisvaarders. Die ondervraagdes was van mening dat die vergelding teen die Waldensers misluk het omdat die kruisvaarders geld nagejaag het en nie soseer die teenstand teen die Katolieke kerk wou verdedig nie. 'n Gesegde het ontstaan naamlik; "their heresy was in their wallets, and if they had been poor ,they would never have been accused of such things".<sup>32</sup>

Teen Januarie 1655 is die onderneming van Charles I van Savoy verbreek en is meer as vierduisend soldate bymekaar gebring om die Waldensers van Torre Pellice en omgewing in die Angrognia valleie finaal te verslaan. Hierdie was die tydperk wat die aanslag teen die Waldensers op sy hewigste oor al die eeue was. Baie van die soldate se enigste aanmoediging was die vooruitsig om te plunder tydens die aanslag teen die Waldensers. Laasgenoemdes is 'n ultimatum gestel om die teenwoordigheid van die soldate tussen hulle te aanvaar en respekteer of om alle regte op onderhandelinge te verbeter. Na deurdagte besprekings en gebed het die Waldensers die ultimatum aanvaar. Die koningshuis van Savoy het die geleentheid gesien as 'n maklike oorwinning oor die Waldensers en dat hulle nou vir altyd verdryf sal wees. Teen die tyd dat die soldate die vallei begin invaar het hulle gou agtergekom dat die meeste van die Waldensers wel hoër op in die berge gevlug het. Die Waldensers moes vanaf die hoogtes van die berge afkyk hoe hul wonings afgebrand word deur die soldate en besef dat hulle binnekort niks sal oor hê om te verdedig. Dit het begin sneeu en die mans moes ook toesien hoe hul vrouens en kinders verklum in die sneeu storms.

Drie maande later rapporteer Pianezza die militêre leier wat die aanslag gelei het aan die koningshuis dat

---

<sup>32</sup> Cameron, pp.43-48; Tourn, p.61; Stephens, p.107.

”... yesterday they began to throw away their arms wherever they happened to be and simply pleaded for mercy. It is an amazing thing to see to what misery they are reduced; losing themselves in flight across the snow, abandoning their own children of whom some have died ...most of the heretics have crossed the mountains though many have died from cold and avalanches.”

‘n Priester Torre wie se plig dit was om met die Waldensers te werk wat die Katoliekegeloof weer wou aanneem het aan ‘n kollega geskryf;

“...the soldiers terrified these wretches, who could find no better way of escape than to kill themselves. Others taking better advice came in their hundreds, in remorse and humility, to the Holy Catholic Faith...”<sup>33</sup>

Die verdrag van Pinerolo volg en ‘n fort word inderhaas gedurende die somer van 1655 gebou met ‘n uitkykpos oor die Waldensers van Torre Pellice. Die ongedissiplineerde soldate vergryp hul aan hul mag en steel van die boere se vrugte, wyn, klere en vee. Hulle steek wingerde en oeste aan die brand. Die soldate molesteer enige persoon wat hom verset teen hul optrede, verkrag en vrouens en pleeg selfs moorde. Nadat die Waldensers ‘n landdros vermoor het het die toestand onhoudbaar geword.

Die koningshuis van Savoy rig ‘n brief aan die Koning van Frankryk Lodewyk XIV met die versoek dat die Franse koning die verdrag van Pinerolo waarborg en inruil vir grondgebied die Waldensers oorneem en hulle dieselfde regte aanbied as die Hugenote.

Hierdie versoek is summier deur Lodewyk XIV van die hand gewys.<sup>34</sup>

Die geografiese gebiede waar die persone wat die Waldensiese beweging ondersteun het en hul geloof sodanig uit geleef het was hoofsaaklik in die Piedmont vallei, Angrognia vallei en die Luberon vallei.<sup>35</sup> Daar was wel ook ander streke waar lede van die Waldensiese beweging voorgekom het naamlik Provence en Languedoc in die suide van Frankryk asook gedeeltes in suid Italië.<sup>36</sup>

---

<sup>33</sup> Stephens, pp.173-175.

<sup>34</sup> Ibid., p.193.

<sup>35</sup> Tourn, p.45.

<sup>36</sup> Ibid., p.52; Stephens, pp.107-108.

Ten spyte van hul nomadiese leefstyl gegrond op die Katolieke se haat en venyn oor hul godsdienst oortuigings was daar oppurtuniste en verraaiers onder die Waldensers. Een voorbeeld hiervan is die aanklag van een van hul eie pastore Lentolo. Hy was van mening dat die Waldensers die oorsaak was van hul eie lyding. Lentolo was van mening dat dit God se manier was om die Waldensers te straf omdat hulle nie na God geluister het nie. Lentolo het die volgende openbaar gemaak en gevra of hulle, die Waldensers dink die Here sien nie die skuldiges raak. Sy openbaar making het soos volg gelei;

*“ You bawl, you shriek, you threaten, you carry on with calumny, lying vindictiveness and avarice...Then, though you behave in this way, you have the audacity to say that you fear God!. Worse still, some Vaudois made themselves fellows with the dissolute rogues amongst the catholics, and even exceed them in dissoluteness. They raged with indignation if the ministers reproached them in public: they allowed criminals of various to stay unpunished, by turning their valleys into a sanctuary for swindlers and even murderers from their own communities and from those outside”.*<sup>37</sup>

Ten tye van ‘n ander geleentheid waar ‘n katoliek hulp moes gaan soek vir sy geinfekteerde been is hy deur sy helpers gewaarsku dat die persoon wat hom gaan help ‘n Waldensers is en dat hy nooit na die ontmoeting mag verwys, en ook nie vir die priesters van die Waldensiese teenwoordigheid mag inlig nie. Sou die sieke dit waag was die volgende aan hom meegedeel;

“...never to speak of the meeting or your tongue would be cut and he would be slaughtered the way one strikes down a goat. At another point he was told not to reveal the sect to the priests, and that if a man were known to have revealed the sect he would have his tongue ripped out from his neck and his flesh torn into little pieces like goats meat”<sup>38</sup>

Een van die eerste opgetekende mense slagtings in die Luberon gebied is gedurende 1348, toe ‘n pes die gebied getref het ook bekend as die Swart Dood. ‘n Groot gedeelte van die gebied se mense het hieraan beswyk. Daarna tussen 1390 – 1400 was een van die

---

<sup>37</sup> Cameron, p.3

<sup>38</sup> Ibid., p.83.

eerste aanslae op Waldensiese lewens. Al die dorpe is ontruim en die gebied is weer as wildernis gebied agter gelaat.<sup>39</sup>

Tussen 1509 en 1517 het van die Waldensers soos hulle moes vlug vir hul lewens as gevolg van hul onversetlike geloof het hulle dieper in die Piedmont vallei ingetrek en ander na die heuwelagtige Luberon gebied. Diegene het met spoed en ywer 'n wildernis gebied verander na 'n welvarende landbou gemeenskap. Hier kon hul hul geloof in die geheim beoefen terwyl sommiges gegoede en invloedryke mense geword het.<sup>40</sup>

..

Gedurende 'n sitting van die Waldensiese beweging in 1526 is daar twee persone afgevaardig om Luther te gaan ontmoet. Die rede hiervoor was hoofsaaklik omdat die Waldensers van Luther se uitsprake gehoor het waarin hy verkondig dat die Hussiete wat met die Waldensers saamgesmelt het, die Waldensers, hy wat Luther is eintlik almal dieselfde beginsels het.<sup>41</sup>

### 1.3 Cabrierre

Afgesien van die Piedmont valleie vandag beter bekend as Torre Pellice sou die Luberon gebied ook 'n ware vesting van die Waldensiese beweging word. Daar sou later tien duisend families van die beweging bly. In 1528 is op Merindol nie vêr van Cabrierre op besluit as die administratiewe setel van die Waldensers in die Luberon vallei. Een van die redes was omdat Merindol meer heuwelagtig was as Cabrierre.

Cabrierre was van meet af bekend as een van die grootste Waldensiese nedersettings asook 'n welvarende gemeenskap<sup>42</sup> Gedurende 1545 is Cabrierre in sy totaliteit afgebrand en meeste van die bevolking van een duisend inwoners vermoor. Die mans het te vergeefs probeer om hul vrouens en kinders te beskerm maar hul het met 'n groep Katolieke te doen gehad wat geen genade getoon het vir mense wat 'n ander geloof voorgestaan het. Die mans het in 'n poging om hul lewe te spaar in die kasteel se kelder gaan skuil en die vrouens en kinders het in die kerk gaan skuil. Selfs nadat die Waldensers

<sup>39</sup> Malan, D.G. & Malan, H. & Malan, J.D. 1998. Die Malans van Suid- Afrika, p.7

<sup>40</sup> Stephens, pp.108-109.

<sup>41</sup> Tourn, pp.65-66.

<sup>42</sup> Baird, H.M. History of the Rise of the Huguenots of France. p.231&243 Vol I

hulself oorgegee is daar steeds van die mans gevang na 'n koppie oorkant die rivier geneem en doodgeslaan. Die vrouens en kinders was oorgelaat in die hande van die soldate wat hulle verkleineer en mishandel het.<sup>43</sup> In 'n vertaalde bron uit Frans beskryf die Kruger die gebeurtenis as volg;

“Twee en twintig stede en dorpe is verbrand en uitgemoor met 'n wreedheid wat ongeëwenaar is in die geskiedenis van die mees barbaarse volke. Die ongelukkige inwoners, in die nag oorval en van rots tot rots gejaag by die lig van hulle brandende wonings, het geen kans gehad om te ontsnap nie, en die lug het weergalm van die krete van die ongelukkige grysaards, vroue en kinders, want die woedende soldate, deur hulle offisiere aangevuur, het nog ouderdom, nog sekse gespaar en hulle aan die vreeslikste wandade skuldig gemaak. Op Cabrierre is sewe honderd mans koelbloedig vermoor; die vroue is in 'n groot skuur gejaag, wat daarop aan brand gestee is, sodat almal in die vlamme omgekom het; al die wonings is verniel; selfs die plantasies en die pragtige wingerde is verwoes en een van die vrugbaarste streke in Suid – Frankryk tot 'n woesteny herskep, waar geen lewendige mens of dier te vinde was nie”.<sup>44</sup>

Met hierdie geskiedenis as agtergrond kan tereg gevrae word hoe is dit moontlik dat met herhaalde aanvalle op die inwoners van Cabrierre asook in die Piedmont valleie voor 1495 daar wel lede van die Jordaanfamilie die gebeure oorleef het om later wel na Suid – Afrika te vlug.

Ten spyte van Calvin se brief van protes aan die Franse koning in 1530 dat alle burgers 'n reg tot godsdienst het het die koning se geduld net tien jaar gehou. Gedurende 1540 het 'n dramatiese gebeurtenis in die Luberon afgespeel. Negentien Waldensers is aangekla vir opstoking teen die Katolieke en is derhalwe op 'n brandstapel verbrand. Die Franse koning het hierna hom vir vyf jaar ingehou maar in 1545 opdrag gegee dat die dorp Merindol verwoes moet word en dat die totale Luberon vallei gestroop moet word van Waldensiese teenwoordigheid. Elke spoor van 'n Waldensiese teenwoordigheid is verwoes en afgebrand insluitend Cabrierre. “n Paar vlugteling het na Switserland gevlug

<sup>43</sup> Ibid., p.246 – 253; MJS Jordaan Privaat Versameling; Boucher, M. French Speakers at the Cape., p183-186.

<sup>44</sup> Kruger, T.J. Die Hugenote, pp.8-9.

en vir die res moes hul die dood in die oë staar of het 'n lewens vonnis as slaaf op 'n Franse skip gekry.

Hierdie gebeurtenis sou as voorsmaak dien vir die Franse met die geloofsoorloë wat sou volg.<sup>45</sup>

#### 1.4 Luberon

Die Waldensers van die Luberon vallei het hulself onderskei as ywerige en beginsel vaste mense. Hulle kon aan die volgende eienskappe uitgeken word;

- Oor 'n tydperk van twee honderd jaar het hulle die Luberon vallei omskep na 'n vrugbare produktiewe vallei
- liefde vir vrede en stilte
- gevestigde gewoontes, tradisies, beginsels en mense wie se woord hul eer was.en stiptelik was met afsprake
- goeie buurmenskap, het skuld en hofgedinge vermy
- hul vriendelikheid en onselfsugtigheid teenoor reisigers.
- Hul het hulle weerhou om die eed af te lê en die gebruik van die Here se naam
- Hulle het hulle nie aan wellus en onkuisheid skuldig gemaak nie
- Hulle het selde 'n kerk binne gegaan indien hulle vir plesier of besigheid dorp toe gegaan het
- Indien hulle wel in die kerk gevind was is hulle in aanbidding aangetref.
- Hulle het nie kerse gebruik nie en het die Katolieke gewoontes vermy.
- Die priesters het getuig dat die Waldensers nooit groot hoeveelhede voorrade gekoop het vir die lewendes of die dooies.
- Hulle het nie aan kruistogte deelgeneem nie
- Ten tye van donderstorms het hulle gekniel en gebid
- Hulle het nie gemeentelike bydraes gemaak nie en ook nie help kerke herbou nie. Hulle het al hul bydraes beperk tot die armes en siekes.<sup>46</sup>

---

<sup>45</sup> Tourn, pp.86-87; Stephens, pp.136-137; Cameron, p.154

<sup>46</sup>Baird, Vol I, p.240

Chanforan geleë in die Angrogna valleie bokant Torre Pellice waar Waldensers hul bevind het na die kruistogte teen hulle sou ook die plek word gedurende 1555 waar die verskillende denkrigtings binne die beweging tot eenstemmigheid kom oor godsdiens hervorming in sy totaliteit. Dit is hier waar opdrag gegee is dat die Bybel vir die eerste keer vertaal sou word uit Hebreeus na Provensaals en later Frans en Duits. Die intellektuele invloed wat Luther gehad het op die denke van die Waldensers met die kennis van hul verlede en 'n onbekende toekoms het die groep laat besef dat as hulle nie deel word van die hervorming nie hul beweging waarskynlik in die niet sou verdwyn.<sup>47</sup>

Die indruk word dus geskep dat tydens die besluite by Chanforan 'n nuwe hervormingspad geloop wil word deur die Waldensers en die groep binne in die Waldensiese beweging wat nog na Katolieke beginsels gehunker het dit nou helaas vaarwel geroep het. Op die vraag of die aanhoudende gevegte en al die treurmare gepaardgaande daarmee 'n rol gespeel het in die wil om te hervorm? Dit kan sekerlik aanvaar word aangesien die Waldensers, al was dit eeue later na Valdesius se besluit hulle nog steeds kon besluit om wel eerder die Roomse geloof aan te neem.

'n Besluit wat tydens die verrigtinge by Chanforan in latere godsdienshervorming geskiedenis 'n keerpunt sou word was die besluit om die Bybel te laat vertaal na die taal van die wat die Bybel gebruik.

As gevolg van die verwoede aanslag op die Waldensers in Suid - Italië gedurende 1561 wat die Waldensers ook in die Piedmont Valleie weer tot die berge beperk het was dit 'n beslissende gebeurtenis wat die Waldensers as kerk op hul eie laat staan het teenoor die Hugenote in Frankryk.

### **1.5 Hugenote**

Piedmont was vir drie en twintig jaar onder Franse beheer. Die tydperk het standvastigheid in die valleie meegebring en kon die besluite van Chanforan in werking bring. Gedurende die tydperk het die mense van die Angrogna Valleie baie nou betrokke geraak by die teologiese opleiding wat in Geneva voorgestel was deur Calvyn. Sodoende het laasgenoemde sy Akademie in 1559 in Geneva geopen. Die akademie het die

---

<sup>47</sup> Stephens, pp.111-126; Tourn, pp.69 – 71.

opleidings instansie geword waar pastore vir Hugenote en Waldensiese bediening voortaan hul opleiding sou kry.<sup>48</sup>

Hierdie twee gebeure onderstreep die gebeure dat die Waldensers en die Hugenote twee afsonderlike bewegings was. Dit is ook 'n aanduiding dat die twee bewegings parallel met mekaar ontwikkel het en dat die een nie die ander verswelg het nie. Dit bring ook 'n einde aan die gedagtes dat die Hugenote beweging vooraf gegaan is deur die Waldensiese beweging.

## **1.6 Die verskillende Edikte wat die geloofsregte van die Franse Hugenote bepaal het.**

Dit word gewoonlik aanvaar dat die koms van die Franse Hugenote na Suid – Afrika met die herroepping van die Edik van Nantes deur die koning van Frankryk gepaardgaan.. Wat inderwaarheid gebeur het tot met die herroeppng van die Edik van Nantes daar verskeie ander Edikte was wat gepoog het om godsdienstige beoefening in Frankryk te reguleer.

\* Die eerste Edik later bekend as die Edik van Compiègne wat impak gehad het op die inwoners van die Piedmont vallei was die Edik van 22 Maart 1557 wat opdrag gegee het dat die Waldensiese gemeentes moet ontbind. Gedagtig wat in 1545 in die Luberon vallei gebeur het met Waldensers het hulle 'n beroep op die Waldensiese kantons in Switserland gedoen om hulp.<sup>49</sup>

\* Die volgende Edik wat weer op die Waldensers gemik was om dieselfde gevolg te hê as in die Luberon was die Edik van Nice in die vroeë 1560's.<sup>50</sup> Hierdie Edik het die Waldensers van Savoy laat om verskoning vra vir hul geloof.<sup>51</sup>

\* In 1598 stel die Franse koning die Edik van Nantes in waarin die Hugenote 'n groot mate van outonomie ontvang in Frankryk.<sup>52</sup>

---

<sup>48</sup> *Ibid.*, pp.130-133.

<sup>49</sup> Cameron, p.160. Die verskillende Edikte sou oor 'n tydperk van een honderd agt en twintig jaar plaasvind.

<sup>50</sup> *Ibid.*, p.200

<sup>51</sup> *Ibid.*, p.213

<sup>52</sup> Tourn, p.127.



\* Die Edik van Fontainebleau is in Oktober 1685 uitgevaardig wat die einde van Waldensiese geduld deur die koningshuis van Frankryk aangekondig het<sup>53</sup>.

\* Die finale Edik wat geen toekoms vir die Franse Hugenote sou hê in hul eie land was die herroeping van die Edik van Nantes in 1685. Die Edik het finaal protestantisme in Frankryk verbode verklaar.<sup>54</sup>

In Januarie 1686 volg die Franse koning se neef met 'n soortgelyke Edik teen die Waldensers van Savoy<sup>55</sup>

Hierdie gedeelte wil ook die aandag op die historiese gebeure wat die Waldensiese beweging en die Hugenote beweging onderskei. Die herroeping van die Edik van Nantes was nie 'n impulsiewe besluit van 'n groep mense wat nie hul sin kon kry nie. Dit was inderwaarheid 'n kulminering van eeue se velle aanslae deur die regering van Frankryk wat die Katolieke Kerk se geloof ondersteun het en geen lewens spasie vir 'n ander geloof wou gee nie. Die suide van Frankryk en die Savoy streek het die geloofs onderdrukking inderwaarheid sedert die kruistogte in 1170 ervaar. Dit was meer as vyf eeue se totale aanslag op 'n groep anders denkendes ten opsigte van die Katolieke kerk. Daarom het hulle teen die einde as hervormers of protestante bekend geword. Dit protesteerders was nooit teen die regering van die dag gekant nie. Intendeel hulle was hardwerkende mense wat net in vrede op hul oortuigde manier wou aanbid. Dit was die Konings van Frankryk wat outoritêr opgetree het.

Met die inisiatief wat Luther geneem het het sommige volgelinge as die Lutherse ondersteuners bekend geword. Later met die koms van Calvyn is die term Calvinisme gebruik. Heeltyd was die Waldensiese beweging betrokke by die hervormings gedagtes van Luther en Calvyn. Hierdie betrokkenheid sou die Waldensers as een van die groot rol spelers in die godsdienshervorming van Europa maak. Hulle het hul ondersteuning gegee maar is nooit as beweging geassimileer in 'n ander groep nie.

---

<sup>53</sup> Stephens, p.201

<sup>54</sup> Ibid.,p.199

<sup>55</sup> . Tourn, p.128

Die Waldensers se morele waardes was byvoorbeeld so bo verdenking dat geen protestant daarmee kon fout vind nie.<sup>56</sup>

Die oorgangsfase van waar die klem vir eeue op die Waldensers gefokus het en later op die Franse Hugenote is 'n belangrike fase ook in Jordaanfamilie verband. Anders as baie van die ander Hugenote families se verteenwoordigers wat gedurende 1688 na Suid – Afrika gevlug het was die Jordaanfamilie midde in die geloofstryd. Eers as Waldensers in die Piedmont gebied wat later stigters lede was van die dorp Cabrierre en La Bastide des Jourdans en daarna as Hugenote vlugtelinge. Met die herroeping van die Edik van Nantes was daar ongeag Waldenser of Hugenoot nie plek vir sodanige in Frankryk nie.

'n Voorbeeld wat die soldate van die Franse koning by die Katolieke vervolgers van die Waldensers oorgeneem het om die Hugenote te martel was dat hul onbehoorlik begin leef het deur drank te misbruik, Hugenote te slaan , hulle vrouens te vloek en die mans te verkleineer. Hulle het ook met gereelde tussen pose vir verveeling die Hugenote se voete in skoene gedruk met vuurwarm ghries, hul onderste bo opgehang en dikwels vergeet om af te haal waar hulle dan gesterf het. 'n Ander metode wat die soldate ook gebruik het was om die Hugenote onder 'n stadig druppende kraan te plaas met hul kop presies onder die kraan. Sodoende is die gevange later dood van malheid.<sup>57</sup>

Die vraag kan dus gevra word of die Jordans wat na Suid – Afrika gevlug het dus werklik Franse Hugenote in die ware sin van die woord was en of hulle eerder as Waldensers wat op grond van die herroeping van die Edik van Nantes as Hugenote geag is?.

---

<sup>56</sup> Cameron, pp.74 &130.

<sup>57</sup> Smiles, p.20

## Bronnelys.

## Historiese werke of ander literatuur

Autoatlas, Zentraleuropa. Schaffmann & Kluge. Berlin

Malan, D.G. & Malan, H. & Malan, J.D. 1998. Die Malans van Suid- Afrika. Volume I & II.. CLF Drukkers. Bloemfontein.

## Boeke

Baird, H.M. 1895. The Huguenots and the revocation of the Edick of Nantes. Vol I & II. Kegan Paul, Trench, Truber & Co. Ltd. London.

Baird, H.M. 1900. History of the Rise of the Huguenots of France. Vol I & II. Charles Scribner's Sons. New York.

Cameron, E. 1986. The Reformation of the Heretics. The Waldenses of the Alps, 1480-1580. Clarendon Press. Oxford.

Freeman – Grenville, G. S. P. 1978. Chronology of World History. Rex Collings. London.

Jordanus Jordan 1957. Petite Histoire de La Famille Jordan. Atelier Moderne D'Imprimerie. Nimes.

Kruger, T.J. 1927. Die Hugenote. De Bussy Drukkers. Pretoria.

Smiles, S. 1893. The Huguenots in France. George Routledge and Sons. New York

Steffe, A.M. 1989. De Hugenoten. Tirion: Baarn.

Stephens, P. 1998. The Waldensian Story. The Book Guild Ltd. Sussex.

Tourn, G. 1980. You are my Witnesses. Torino: Claudiano.

Tourn,G. 1988. De Waldenzen. Franeker. Uitgeverij Van Wijen

Pays d'Aigues. 1981. Ministere de la Culture et de la Communication. Paris.